Familiekerk NG Hottentots-Holland
Dissipels van Jesus

# KORRELS

## In hierdie uitgawe:


| | |
|---|---|
| Belydenisklas | 2 |
| Kermis | 4 |
| Huis Andrew Murray | 5 |
| Nuus uit die gemeente | 6 |
| Doop | 7 |
| Geldsake | 7 |
| Ruimtelesing | 8 |
| In diepte met Hennie | 10 |
| Bybelgesprek | 12 |
| Lofprysingslypskool | 13 |
| VGK | 14 |
| MHELP | 16 |
| #Opweg | 16 |




NOVEMBER 2023




*Agter (vlnr): Arjan de Leeuw den Bouter, Franco Evert, Ruben Strick, Christiaan Louw, Christo Cilliers. Voor(vlnr): Adri Janse van Rensburg, Mia van Zyl, ds Ewald van Rensburg, Louise le Grange*

# Belydenisklas van 2023

Elke jaar wag 'n nuwe groep jongmense op my ... jongmense wat aanmeld vir die belydenisklas. Die belydenisklas is 'n belangrike deel van ons gemeente-wees. Die kurrikulum is dieselfde, maar hoe gaan die Heilige Gees hierdie jongmense daardeur aanraak? God hou nooit op om my te verras nie. Ek is elke aand dankbaar vir wat in die groep gebeur. Die Gees beweeg. Ja, elke Donderdagaand bring betekenis in my lewe. My doel is net om te doen wat Paulus in 1 Korintiërs 11:1 sê: "*Volg my voorbeeld soos ek die voorbeeld van Christus volg.*" Ek kan met eerlikheid en opregtheid sê, ek het toekoms van kerk gesien en dit lyk goed! - *Ewald Jansen van Rensburg*



Op 5 November lê hierdie groep jong mense dan hul belydenis van geloof af. Een van ons ouers, *Elmarie Janse van Rensburg*, skryf:

Die belydenis van jou kind is 'n ongelooflike voorreg, en terselfdertyd die resultaat van die ooreenkoms wat jy met die kerk aangaan die dag wat jy jou kind doop. Dit vul mens met dankbaarheid dat jou kind dan wil opstaan en voor die gemeente haar geloof bely en 'n volwaardige lidmaat word van die NG kerk.

Ons gemeente het 'n baie spesiale en persoonlike seremonie. Elke kind word op sy naam na die doopvont geroep, waar sy of haar voorkop met 'n kruis gemerk word met die water. Dan neem hy of sy 'n kers neem en steek dit aan by die Jesus-kers - as simbool om so 'n lig te wees vir die wêreld.

Daar heers 'n oomblik van totale donkerte met net die kinders se liggies wat brand.

Vandag kan ek nie help om met heimwee terug te kyk na die Sondagskool-dae nie. Ons uitreike Sondae na outehuise, dierebeskerming-vereniging, Bright Lights en Strand se skoonmaak het ons kinders geleer om dankbaar te wees, mense en diere lief te hê en 'n verskil te maak daar waar jy geplant is. Ons ervaar opgewondenheid en 'n tikkie hartseer dat hulle nou die volgende fase van hul lewens gaan aanpak. Ons wil ook baie dankie sê aan Ds. Ewald en Ds. Hennie vir julle bydrae in die geestelike leiding aan ons kinders. Ons kinders is beter toegerus om in die wêreld in te gaan en 'n helder lig te wees.

# Ontmoet die toekoms!

### Franco Evert

**Stokperdjies:** Teken

**Wat beteken Donderdag-aande vir jou?** Donderdagaande hou my op die regte pad

**Deel iets oor jou toekomsdrome:** Ek wil graag eendag 'n goeie pa wees.

### Mia van Zyl

**Stokperdjies:** Lees, Dans, Nettlix

**Wat beteken Donderdag-aande vir jou?** Dit is die een aand 'n week waar ek voel dat ek eerlik kan wees en simpel vrae oor my geloof kan vra – sonder dat iemand my oordeel. Dit is ook waar ek meer oor God leer en my verhouding met God sterker maak

**Deel iets oor jou toekomsdrome:** Ek wil graag na skool op die privaat seiljagte gaan werk in Turkye en die wêreld verken.

### Arjan de Leeuw den Bouter

**Stokperdjies:** Om my hande in die garage besig te hou. Speletjies speel op die Playstation en rekenaar.

**Wat beteken Donderdag-aande vir jou?** Dit is lekker om op Donderdae aande meer te leer oor Jesus toe Hy op aarde was en die behandeling van die boek Johannes maar dit vir my duidelik deur al Jesus se wonderwerke, dat Hy "n plan het met alles en almal. Dat alles vir 'n rede gebeur.

**Deel iets oor jou toekomsdrome:** Ek wil graag eendag "n lugvaart-instandhoudings-ingenieur word (ek wil eendag aan vliegtuie werk en hulle onderhou).

### Adri Janse van Rensburg

**Stokperdjies:** Lees, Verf, Teken

**Wat beteken Donderdag-aande vir jou?** Dit is tyd wat ek spandeer met ander mense wat dieselfde morele waardes en denkwyses as ek deel.

**Deel iets oor jou toekomsdrome:** Ek wil graag prokureurswese by NWU / Potchefstroom kampus gaan studeer.

### Christiaan Louw

**Stokperdjies:** Rugby, Krieket en Gholf

**Wat beteken Donderdag-aande vir jou?** 'n Tyd om meer te leer oor God.

**Deel iets oor jou toekomsdrome:** Ek wil graag 'n goeie werk hê sodat ek eendag vir myself kan sorg.

### Christo Charl Cilliers

**Stokperdjies:** Kletsrym, boks, hokkie, Formula 1, Minecraft

**Wat beteken Donderdag-aande vir jou?** Behalwe vir die herstel na uitputtende toetse is dit 'n aand waar ek nog 'n geleentheid kry om meer van God te leer.

**Deel iets oor jou toekomsdrome:** "Success is being brave enough to dream big" deur NF. Ek sien myself as suksesvol in alles wat my hart gebeur.





# Matrieks 2023

Tydens die Erediens van Sondag 22 Oktober, het ds Hennie die matrieks na vore laat kom, en vir die jongstes gevra om vir hulle 'n geskenkie te oorhandig om hul sterkte toe te wens vir die eksamen wat voorlê. Ouers van matrieks het ook geleentheid gekry om vir hul kinders te bid vir die eksamen.

**FILIPPENSE 4:7**

*En die vrede van God wat alle verstand te bowe gaan, sal oor julle harte en gedagtes die wag hou in Christus Jesus.*




9 September 2023

# Kermisjolyt

Ons gemeente het weer die voorreg gehad om nog 'n verjaarsdag (ons 47ste) te vier – op die Kermis manier!

**Anna Durand** wat op die oggend by die kaartjie verkope gewerk het, skryf:

Vroeg-oggend was almal in rep-en-roer om al die stalletjies gereed te kry vir die kermis-gangers. Yolandi was besig met haar rondtes om seker te maak almal is gereed en het wat hulle nodig het vir die oggend se aktiwiteit. My tafel was besonder besig en dit was vir my lekker om te sien hoe die mense (en dit was nie net gemeentelede nie) die Kermis kom ondersteun het. Maar, soos gewoonlik was die pannekoek-stalletjie (net regs van my) die besigste.

Wat is 'n kermis dan nou sonder die tradisionele kaneelsuiker-pannekoek! Die wit-olifante tafel was ook 'n moet - lewer altyd 'n interessante items op wat vir 'n oomblik weer 'n grys olifant in jou eie huis word.

Die tafels met die gebak het gekreun onder die lekkernye en die groente-verkopers het baie gou hulle voorrade uitverkoop. Die vrolikheid en kuier rondom die ontbyt wat bedien was, was aansteeklik. Dit was vir my 'n lekker nostalgiese oggend en die belewenis het my laat terugdink aan die Kermisse/kerkbasaars van ouds uit my kinderjare. Dit was voorwaar 'n geseënde oggend.

**Yolandi de Leeuw den Bouter**, wat die koördinering hanteer het, skryf: Ek is 100% daarvan oortuig dat die Here vir elkeen van ons presies gee wat ons nodig het. Ek is oortuig daarvan dat ons Sy kinders is en dat Hy gee na ons elkeen se beste belang.

Dis is met hierdie oortuiging in my hart wat ek elke keer die Kermis-projek aanpak: dat God presies sal gee wat ons gemeente nodig het. Dit is ook dan net deur Sy groot, groot genade en vrygewige hand wat ons die totaal van R100 932.95 wins tydens die afgelope Kermis ingesamel het! Mag Hy ons lei om die fondse tot Sy eer aan te wend.

Baie dankie aan elke lidmaat vir bydraes, hulp, ondersteuning, tyd en liefde om Kermis 2023 'n reuse sukses te maak. Al die eer aan ons Vader!

Wat 'n feesdag by ons gemeente! – **Talita Olivier** skryf:

Die eerste geluid wat jy raakluister is die heerlike gebruis en gewemel soos almal gesels met die instap. Heerlike leesboeke trek dadelik my aandag en dan die 'alles en nog wat' tafel dring daarop aan dat ek eers deur alles kyk. Aai mens ontspan sommer.

Daar was tot 'n lekker wyntjie wat jy kon proe en die manne (en hulle bekwame vroue) wat gebraai het, het mooi gemaak – my mond water sommer weer vir daai burgers en sosaties.

Maar die lekkerste lekker was die samesyn, die glimlagte, die gesels en ondersteun van ons gemeente se werk in ons omgewing. Soos 'n kersie op 'n koek was daar nog spesiale optrede van ons begeleidings-groep, om ons net te herinner waaroor dit alles gaan.



*Dogters van Huis Andrew Murray bederf die gaste met 'n geestelike dans.*



# Huis Andrew Murray vier 125 jaar

Op 14 Oktober 2023 het Huis Andrew Murray sy 125ste bestaansjaar gevier met 'n Lente-tee by Kronenburg Landgoed te Paarl. Dit was 'n pragtige lenteoggend in die Paarl, met blomme, ontbyt, kolwyntjies, koffie en vele inspirerende gassprekers. 'n Hoogtepunt van die oggend die persoonlike getuienis, van 'n HAM ambassadeur, Henrietta Jantzen. Sy vertel hoe Huis Andrew Murray kinderhuis haar lewe verander het, haar hoop en 'n positiewe visie vir haar lewe gegee het. Sy is die enigste in haar familie wat nou 'n tersiêre kwalifikasie het en werk voltyds as 'n eise-onderskrywer by 'n makelaarsfirma in die Paarl. Daar was lootjies te koop vir allerlei lieflike pryse en Cecile Perold (ons gemeente se verteenwoordiger by HAM) was 'n gelukkige wenner! Karen Petersen, bemarkingsbestuurder by HAM, het ook vir Cecile bedank vir jare lange ondersteuning van huis Jakaranda se seuns met verjaarsdae, braaivleis- uitstappies en ander bederwe, wat namens ons gemeente georganiseer is. Cecile was vir 17 jaar die verteenwoordiger van ons gemeente by Huis Andrew Murray.







## Worsroldag

Saterdag, 22 Julie 2023, het ons vir al 12 huise by HAM, heerlike boereworsrolle gebraai. Die kinders is ook bederf met 'n lekker doughnut, aartappelslaai, 'n sappie en sappige lemoene. Ons was geseënd met 'n pragtige sonnige dag en die kinders het dit baie geniet!







## Huis Jakaranda se kombuis word opgeknap

Huis Jakaranda is een van die huise by HAM waarvoor ons gemeente verantwoordelik is. Daar word 9 seuns van verskillende ouderdomme gehuisves. Ons was so geseënd gewees om die kombuis op te knap en kaste te vervang gedurende die Oktober vakansie. Die kombuis was maar in 'n gehawende toestand en het werklik die opknap nodig gehad. Daar is ook meer kaste ingebou en nou lyk dit sommer soos 'n spoggerige nuwe kombuis. Baie dankie aan elke gemeentelid wat hierdie projek moontlik gemaak het.

# Gebore in 'n ander wêreld

**Mea van Dyk (97)** moes vroeg in September verhuis. Sy was vir 13 jaar 'n inwoner van Huis Vonke, en moes na 'n hoër-sorg eenheid in Huis Marie Louw trek. Die aanpassing van verhuis, en dan nou ook nog verhuis na 'n hoër-sorg eenheid, is glad nie maklik nie. Sy meen sy het dié lekkerste woonstel, die een met die see én berg uitsig, in die hele Huis Vonke gehad.

Sy meen ook dat haar twee "foute" dit nog moeiliker maak - sy is perfeksionisties en sy wil onafhanklik wees. Die twee "foute" maak dat sy deesdae baie hard met die Here moet gesels. Maar tannie Mea is, te midde van dit alles, besig om die Bybel vir die 6de maal van voor tot agter deur te lees. Sy doen dit met behulp van die studie gids, The Daily Light. En God stuur kort-kort so vir haar vashouplek. Sy vind Bybelgedeeltes, en hou aan om dit te lees, totdat dit uiteindelik waar word vir haar. Sy het my vertel dat sy 'n gedeelte gebruik as haar anker as sy moeilike besluite neem.

Sy haal aan, uit haar kop uit: Exodus 23:20: *"See, I am sending an angel ahead of you to guard you along the way and to bring you to the place I have prepared. Pay attention to him and listen to what he says." Exodus 33:14: "My Presence will go with you, and I will give you rest."*

Sy moes al baie maal in haar lewe verhuis (mens kan dit seker verstaan van iemand wat al 97 jaar op die aarde is!). Die trek vanaf Huis Vonke na Huis Marie Louw seker die moeilikste een van almal. Maar, sê sy, tot dusver het die Here haar nog nooit in haar lewe in die steek gelaat nie. Soveel keer in haar lewe het Hy haar al beskerm en bewaar. Ook nou, weet sy, sal Hy haar nie in die steek laat nie.

Sy haal weer aan uit Jesaja 48:17: *"I am the LORD your God, who teaches you what is best for you, who directs you in the way you should go."*

Ek vra of die God was sy as kind leer ken het nog dieselfde God is wat sy vandag ken. "O NEE" antwoord sy baie beslis. God is baie groter as wat haar jonger self ooit geweet of verstaan het. Sy was bevoorreg om baie beskermd in 'n Christelike huis groot te word, en het nooit oor die bestaan van God getwyfel nie. Maar met ouderdom kom daar 'n dieper verstaan. Iets om na uit te sien, klink dit vir my. As sy oor die Here gesels is daar 'n vuur in haar oë. En 'n kalmte oor haar wese. Mens kan sien sy ken Hom baie goed. Wat 'n groot voorreg om na so 'n merkwaardige dame te mag sit en luister.

## Verjaarsdae in 2023

### 90+

**Carolien van Zyl** (Helderberg Support Centre) het op 3 Januarie haar 92ste verjaarsdag gevier.

**Minsie Paanakker** (Huis Esperanza) het op 22 Januarie haar 93ste verjaarsdag gevier.

**Antoinette Nystad** (Huis Marie Louw) het op 28 Januarie haar 95ste verjaarsdag gevier.

**Marie van Rensburg** (Helderberg Support Centre) het op 31 Januarie haar 91ste verjaarsdag gevier.

**Ray Badenhorst** (Swannack Gardens 30) het op 13 Februarie haar 94ste verjaarsdag gevier.

**Frida du Toit** (Schönenburg aftree-oord) het op 17 Februarie haar 92ste verjaarsdag gevier.

**Willie Meyer** (Helderberg Manor) 129 het op 23 Februarie sy 91ste verjaarsdag gevier.

**Maxie Langeveld** (Mount View) het op 31 Maart haar 91ste verjaarsdag gevier.

**Dan Luttig** (Heritage Manor 170) het op 22 April sy 91ste verjaarsdag gevier.

**Pieter du Toit** (Reitzstraat) het op 8 Mei sy 91ste verjaarsdag gevier.

**Mara le Roux** (Huis Vonke 315) het op 10 Mei haar 94ste verjaarsdag gevier.

**Sue Calder** (Prospectlaan 9) het op 22 Mei haar 92ste verjaarsdag gevier.

**Gerhard du Rand** (Seaviewlaan 41) het op 13 Junie sy 95ste verjaarsdag gevier.

**Joan Fourie** (Helderberg Support Centre) het op 13 Junie haar 92ste verjaarsdag gevier.

**Mea van Dyk** (Huis Marie Louw) het op 7 Julie haar 97ste verjaarsdag gevier.

**Johan Zaayman** (Oak Bridge Village 26) het op 12 Julie sy 93ste verjaarsdag gevier.

**Joan van Wyk** (Camelot 8) het op 21 Julie haar 98ste verjaarsdag gevier.

**Hanna Kruger** (The Somerset Lifestyle Village) het op 30 Julie haar 90ste verjaarsdag gevier.

**Gerda Oberholzer** (Helderberg Support Centre) het op 4 September haar 90ste verjaarsdag gevier.

**Babs Cloete** (Huis Jan Swart) het op 8 September haar 94ste verjaarsdag gevier.

**Helena Muller** (Huis Vonke 217) vier op 23 Desember haar 92ste verjaarsdag gevier.


### 100+

**Margaret van Wyk** (Mount View) het op 3 Julie 2023 haar 102de verjaarsdag gevier.

**Stienie Vorster** (Robari) het op 10 Julie 2023 haar 101ste verjaarsdag gevier.

**Tannie Cloete** (Diaz Village 8) het op 17 September 2023 haar 103de verjaarsdag gevier.

*Baie geluk!*











# Piekniek by Mount View

Die inwoners van Mount View word elke week besoek deur een van ons gemeentelede. Hul kry die geleentheid om te luister na die Woord, om te bid en om dan na musiek te luister en saam te sing. Op 'n sonnige 19 Oktober lees ds. Hennie uit Galasiërs, oor die Vrug van die Gees.

Terwyl daar vrugteslaai bedien word met bloubessies, aarbeie, nartjies en natuurlik roomys, gesels hy oor die Heilige Gees se geskenke aan ons - liefde, vreugde, vrede, geduld, vriendelikheid, goedhartigheid, getrouheid, nederigheid en selfbeheersing. Wanneer ons hierdie vrugte dra, kan ander by ons voedingswaarde kry.


Laat weet gerus vir Hennie as jy by een van ons bedieninge by die tehuise in ons omgewing betrokke wil raak. (hennie@nghottentotsholland.co.za.)



Tannie Stienie Vorster het op 10 Julie 2023 101 geword. Verlede jaar, op haar 100ste verjaarsdag, het sy die onderstaande saam met haar dankoffer in die sakkie gegooi:

**Deo Gloria**
**Loof die Here, want Hy is goed**
**Sy goedheid duur tot in ewigheid**
**'n Klein blykie**
**van dankbaarheid**
**teenoor my Hemelvader vir sy liefde,**
**seën en bewarende hand oor my**
**dag na dag**
**Groot dankbaarheid**
**teenoor my ouers**
**wat ons deur hulle geloof en onderrig**
**as gelowiges gelei het**

Stienie Vorster (Pienaar)
10 Julie 1922 – 10 Julie 2022



# By die doopvont

*"Maar God bewys sy liefde vir ons juis hierin dat Christus vir ons gesterf het toe ons nog sondaars was" (Rom 5:8).*

**1-** *Michelle Elizabeth Vosloo, dogter van Jacques en Evgeniya, gedoop op 8 Januarie 2023.* **2-** *Luna-Skye Petzer, dogter van Brandon en Monique, gedoop op 5 Maart 2023.* **3-** *Charles John-Robert Schoeman, seun van Rudolph en Shani, gedoop op 26 Maart 2023.* **4-** *Adriana Ellie Havenga, dogter van Andries en Anelle, gedoop op 2 April 2023.* **5-** *Arlia Gertruida Visser, dogter van Arno en Letitia, gedoop op 2 April 2023.* **6-** *Christo Esterhuyse, seun van Anton en Clara-Ann, gedoop op 23 April 2023.* **7-** *Amelia Buckley, dogter van John en Carla, gedoop op 20 Augustus 2023.* **8-** *Francois van Rooyen, seun van Jean en Danélle, gedoop op 3 September 2023.* **9-** *George Fredrick Venter, seun van Heinrich en Ina, gedoop op 8 Oktober 2023.*


1


2


3


4


5


6


7


8


9

# Geldsake

Ons gemeente se finansiële jaar begin 1 Maart en eindig 28 Februarie. Aan die begin van elke jaar word 'n begroting opgestel om te verseker dat ons voldoende inkomste gaan hê om die uitgawes te dek. Deur die loop van die jaar word die werklike ontvangste en betaling gemeet teen die begroting. Die fondse diensgroep van 5 lede vergader maandeliks, gesels oor die syfers en doen verslag aan die kerkraad.

Die 2023/24 jaar se begroting is R4,24 miljoen.

**Die ontvangste is:**

| | | |
|---|---|---|
| Dankoffers en kollekte | R2 867 000 | 68% |
| Tiende maand dankoffer | R650 000 | 15% |
| Beleggings opbrengs | R198 000 | 5% |
| Huur | R169 000 | 4% |
| Disakloof administrasie | R132 000 | 3% |
| Geloofsoffers | R87 000 | 2% |
| Kermis | R80 000 | 2% |
| Ander | R57 000 | 1% |

**Betalings:**

| | | |
|---|---|---|
| Salarisse | R3 122 000 | 74% |
| Eiendom | R 421 000 | 10% |
| Sinodale Verpligting | R262 000 | 6% |
| Administrasie | R186 000 | 4% |
| Erediens | R96 000 | 2% |
| Liefde na Buite | R87 000 | 2% |
| Liefde na Binne | R66 000 | 2% |

Die maandelikse dankoffers in tans R209 000 minder as begroot. Die Sondag kollekte is weer R47 000 meer as begroot, maar die gaping van R162 000 is rede om besorg te wees. Ons glo en hoop dat die dankoffers sal toeneem sodat ons die jaar sonder 'n tekort kan afsluit.

Die tiende maand mikpunt moet ook bereik word en die beleggings opbrengs is huidiglik minder as begroot. Die werklike syfers is vir 7 maande en gelukkig is daar nog 5 maande oor om ons doelwitte te behaal.

Die ander inkomste en uitgawes is in lyn met die begroting.

*- Gerrie Oberholzer (namens die Fondse Diensgroep)*






# Dragonfly lesing oor die Ruimte en SA betrokkenheid

Dit was met groot afwagting en opgewondenheid wat ek op Donderdag, 19 Oktober by die kerkgebou opgedaag het. Dit is immers 'n onderwerp waar 'n hele paar van ons gemeentelede in die verlede direk en indirek by betrokke was.

Dragonfly is een van 'n hele paar kleiner maatskappy wat so stil-stil onder ons neuse met verskillende aspekte van die satellietbedryf doenig is…en nog sommer hier op ons voorstoep en nabye omgewing! David du Toit en Rikus Cronje was gereed met 'n skuifievertoning, en hardeware om ons aandag te prikkel.

Dit is baie moeilik om so 'n omvattende onderwerp vir 'n gehoor wat wissel van kind na "kinds" sinvol te beskryf , maar David en Rikus het met hul entoesiasme ons aandag bly vashou. Ons is getrakteer op 'n verduideliking en klein demonstrasie van ruimtelike afstande en hoe groot die heelal eintlik is, wat 'n mens opnuut verwonderd laat stilword oor die grootheid van ons Skepper. Daar is ligweg geraak aan wentelbaan dinamika en die vereistes van vuurpyle om hul loonvrag na duiseligwekkende snelhede van tot 8 kilometer per sekonde te versnel, ook met verwysing na ons eie pogings in die verband in die verlede. Hierna is (die meeste van ons) uitgeboul met 'n verduideliking van die elektromagnetiese spektrum en hoe dit ons daaglikse lewe beïnvloed.

Daarna is meer gefokus op tegnologie wat in satelliete ingebou word wat aspekte van ons daaglikse lewens beinvloed, soos bv weervoorspelling, navigasie (GPS) natuurlike hulpbron en gewasse produkisebestuur (geologie, landbou), sekuriteit (oorlogskaal) om maar 'n paar te noem. By Dragonfly word veral gekonsentreer op klein satelliete met gesofisikeerde optiese kameras . Die ingenieursuitdagings om hierdie prokukte met ongelooflike akkuraatheid te vervaardig is enorm, maar ons Suid-Afrikaners laat ons nie daardeur afskrik nie en innovasie is ons 2e naam! Die uitstalling van komponente hiervan en die verduideliking van sekere aspekte deur Rikus was baie interessant en insiggewend…vir die bittereinder belangstellendes.

Dit was 'n voorreg om deur die entoesiasme van die aanbieders meegevoer te word na 'n wêreld van sterre en planete en hoe ons eie mense die tegnologie benut om die wonders van die wetenskap in te span tot ons voordeel. Ongelukkig was die 2 ure te min om al die interessanthede te kon belig en



*David du Toit gesels met belangstellendes.*

ek hoop dat hulle dalk by 'n volgende geleenthede ons nog meer kan blootstel aan spesifiek aspekte van hul werk, veral met die oog op loopbaankeuses vir ons gemeente se opgroeiende jongmense!

*- Louis van Wyk*



# Maklik om te glo – in diepte gesprek met Hennie Fouché

***Ons weet jou pa het die eerste rol gespeel in jou geloofslewe, jou "gloproses". Vertel ons van jou vroegste herinneringe van God wat jy leer ken het toe jy 'n seuntjie was.***

My pa het inderdaad 'n groot invloed op my lewe, en ook my geloofslewe, gehad – omdat ons persoonlikhede baie ooreenstem. Ek moet egter dadelik byvoeg dat beide my ouers se geloof my gevorm het. By hulle het ek gesíén geloof is nie dat ek aan God vashou nie, maar om te wéét (al voel dit nie so nie!) dat Gód mý vashou! Die manier hoe hulle vir ons huisgodsdiens gehou het, was 'n belewenis vir my. Ek het elke keer God se teenwoordigheid ervaar. En dan, laat in die aand en vroeg in die oggend, het ek hulle in hulle kamer gehoor as hulle saam Bybel lees en elkeen 'n geleentheid kry om hardop te bid.

My vroegste beeld van God is dié van Psalm 73:25-26 *Daar is niks in die hemel of op die aarde wat vir my meer beteken as God nie. Al is ek afgetakel na liggaam en siel* (en al gebeur wat ook al met my) *God is my sterkte, aan Hom behoort ek vir altyd.* Toe ek ongeveer 8 jaar oud was, het ons eendag van Wolseley (waar ons gewoon het) af Tulbagh toe gery. My ouers het met mekaar gepraat. Ek het nie geweet waaroor hulle praat nie, maar ek kon hulle bekommernis en angs aanvoel. Die atmosfeer het my bang gemaak. En toe sê my pa vir my ma *Al gaan ons dit nie kan oplos nie, God is ons sterkte*. My pa se gesigsuitdrukking en sy stemtoon toe hy dit sê, het só 'n indruk op my gemaak dat al die vrees verdwyn het. Vandag nog, as ek op daardie plek ry, is dit elke keer asof ek daardie woorde hoor, en God se vrede ervaar. Al is daar nie 'n oplossing nie, God is daar.

God is my Hemelse Ouer by wie ek veilig kan skuil en wat my vul en oorlaai en toevou met Sy vrede. Ek kan my hart voor Hom uitstort (Ps 62:9). Sy genade is vir my genoeg (2 Kor 12:9). Só het ek God leer ken, en Hy is dit vandag nog steeds vir my.

**Wat het kerk vir jou as kind beteken?**

Die kerk was vir my van kleins af 'n gemeenskap van veiligheid en omgee en hoop. *Die kerk* was nooit vir my net die gebou of die erediens(te) op 'n Sondag nie. Een maal per maand was daar wyksbidure. Dan het elke wyk 15:00 op 'n Sondagmiddag by iemand se huis vergader vir 'n kort diens deur die ouderling en 'n laaaang tyd van gebed. Ons kinders het in die gang of op die vloer gesit, want daar was nie plek vir almal nie. Na die tyd het die grootmense koffie en tee gedrink en koek geëet en die kinders het buite gespeel. Ek het daar ervaar hoe die grootmense hulle onsekerhede en probleme en misoeste en suksesse met mekaar deel, en dan vir mekaar bid.

Eredienste was vir my heerlik. Ek het regtig daar beleef dat ek na 'n ander wêreld verplaas word. Ons het elke erediens bygewoon – soggens en saans, vakansies, langnaweke ... Ek het wel baie min van die preke verstaan en dit was nie vir my lekker dat die seuns saam met die mans moes staan vir die lang kanselgebed nie, maar ek kan nie dink dat ek ooit opgesien het daarteen om kerk toe te gaan nie. Die grootmense was so vriendelik met ons en het ons as kinders belangrik laat voel.

Die misterie wat tydens 'n erediens afgespeel het, het my gefassineer. My pa was 'n boer op 'n klein, onekonomiese plaas, en hy wou eintlik ook nie 'n boer wees nie, maar moes sy pa help. Dit het maar broekskeur met hulle gegaan, en hy was baie gespanne en bekommerd, ... maar aan die einde van 'n erediens was daar 'n glans op sy gesig en 'n vredevolle glimlag om sy mond. Ek wou dit vir niks mis nie.

**Wanneer het jy besef jy wil predikant word? Hoe het dit gebeur en was dit duidelik van die begin af?**

Ek kan 'n spesifieke dag onthou toe ek in st 2 (graad 4) was. Ons was in die erediens, en ek het skielik hierdie ervaring gehad dat ek graag 'n dominee sal wil word. Ek het egter dadelik besef dit sal nie kan gebeur nie, omdat ek op daardie stadium gehakkel het.

Ek kan nie onthou of ek regtig weer daaraan gedink het nie. Toe ek in st 7 (graad 9) was, het die skoolhoof my gevra wat ek eendag wil doen

– en sonder om te huiwer, het ek gesê dat ek graag 'n dominee sal wil word. Hy het my toe aangemoedig om Duits as vak te kies, omdat hy gemeen het dit sal my help met teologiese studies.

Ek wonder wat sou gebeur het as ek Rekeningkunde (ek moes kies tussen Duits en Rekeningkunde) gekies het, want ek is baie lief vir getalle en 'n beroep in daardie rigting sou dalk my persoonlikheid beter pas.

Daar was meer as een geleentheid wat ek van beroep kon verander, maar dit het net nooit so uitgewerk nie. Ek is dankbaar dat ek wel 'n dominee geword en gebly het. Hoe ouer ek geword het, hoe meer het ek my werk geniet, en kan ek eerlik sê dat ek dit op die oomblik baie geniet.

**Onthou jy die eerste Sondag wat jy in die NG Hottentots-Holland moes preek? Was dit vir jou moeilik? En indien wel - het dit oor die jare makliker geraak?**

Ek kan nie regtig sê dat ek die eerste Sondag so goed kan onthou nie. Ek dink die spanning was te veel. Ek onthou wel baie duidelik die boodskap van ds Nestor van Niekerk toe ek die Vrydagaand bevestig is. Hy het Johannes 1 gelees en gesê dat 'n dominee se taak is, soos wat Johannes dit in daardie hoofstuk vertel, om heen te wys na God. Dit bly my nog altyd by. Ek weet ek het nie altyd daarin geslaag nie, maar dit was vir my die riglyn, wat my elke keer ook weer teruggebring het na die kern van my taak.

Jou vraag of 'n erediens vir my oor die jare makliker geraak het – nee, beslis nie. Eerder die teendeel. Soos die jare verbygegaan het, het ek al hoe meer die erns besef waarmee ek regtig besig is, en laat dit regtig my broek bewe. Prof Bethel Müller, wat vir ons geleer het oor eredienste, het altyd gesê ons moet ons afvra wat in die preek maak dit vir mense die moeite werd om op 'n koue oggend uit hul warm bed op te staan en op 'n harde kerkbank te kom sit.

**Deel asb. 'n paar van jou lekkerste ervaringe in ons gemeente oor die jare.**

Een uitstaanmoment is toe ek in die negentigerjare elke jaar gedurende die September skoolvakansie saam met 'n groep hoërskoolkinders en 'n paar volwassenes Transkei toe kon gaan en ons daar vir 'n week kon gaan werk: kerkgeboue geverf, draad gespan, mure gebou. Ek sal ure daaroor kan praat – dit was 'n hoogtepunt.

Die staptogte met hoërskoolkinders en later ook met die graad 6 en 7 kinders was vir my net so lekker. Ons het onder andere die Outenikwaroetes, Tsitsikamma, Swellendam, Boland voetslaanpad, Arangieskop ("Die Kaap se Kilimanjaro"), Sederberge gestap. Om saam moeg te raak en saam die mooiheid van die natuur te ontdek, smee bande wat nooi verbreek word nie.

Ons het in die vroeë negentigerjare begin om elke jaar 'n jeugnaweek te hou. Ons het 'n gasspreker of sanger genooi vir die Vrydagaand en die Sondagoggend en -aand. Die Saterdagoggend het ons 'n ontbyt gehou vir gesinne en die Saterdagmiddag 'n sandkasteel-kompetisie in die kerksaal. Lourensford plaas het vir ons groot seile geleen (waarmee die vragte agterop vragmotors toegemaak word) waarmee ons die saal se vloer bedek het. Dan het ons 6 kubieke meter sand laat aflewer en dit met kruiwaens in die saal laat inry. Spanne het dan met mekaar kompeteer om binne 'n paar uur die beste sandkasteel te bou.

Die verhouding wat tussen ons gemeente en die VGK Macassar gemeente ontwikkel het oor die jare was en is baie bevredigend en baie lekker vir my. Ek het in my finalejaar (1984) die geleentheid gehad om 'n gedeelte van my prakties in die VGK Macassar te doen, en het daardie jaar ook die Pinksterreeks daar gelei. Min het ek geweet waarvan dít die begin was.

Die geleentheid om deur mense toegelaat te word in hulle diepste seer en grootste vreugde is 'n voorreg waaroor ek nooit uitgepraat sal kan word en nooit genoeg dankbaar sal kan wees nie.

Om so baie met die Bybel besig te wees. Om die Bybel amper letterlik dag en nag te oordink (vgl Ps 1). Om die ervaring te hê dat ek een gedeelte oor en oor lees, en dan skielik te ervaar dat ek dit nie meer lees nie, maar dat die Here nou Sy woorde met my praat.

Om die Bybel aan die Woord te laat kom by mense in hulle nood en seer en angs ... en dan net die toeskouer te wees hoe God deur Sy Woord hóóp en genesing bring.

**Ons weet jy is bitter lief vir ons gemeente se mense, en jy het oor die jare heen hegte verbintenisse gebou en gehandhaaf. Vertel iets van hierdie genadegawe.**

Na my studies moes ek twee jaar militêre diens gaan verrig. 'n Deel daarvan het ek in die Kasteel gedoen, wat destyds gedien het as die hoofkwartier van die Kommandement Westelike Provinsie. Deel van my werk was om, as daar 'n soldaat gesneuwel het, of op enige manier gesterf het, vir die ouers die boodskap te gaan oordra. Na een van hierdie besoeke was ek uit die Swartland op pad terug Kasteel toe. Ek het die besoek herleef. Gewonder of ek die boodskap dalk op 'n ander manier kon oordra, sodat die skok en die hartseer vir die ouers dalk bietjie minder kon wees. En ek het gewonder wat doen die oom en die tannie, wat so oud soos my ouers was, op daardie oomblik en of hulle die hartseer sal kan oorkom. Daardie dag het ek besef dat dít iets in my wakker maak as ek mense wat deur die dieptes van die lewe gaan, kan bystaan. Ek wil hulle help om te besef en te glo dat God by ons is en by ons sal wees, ook al het ons nie antwoorde en verklarings nie, en al voel dit of die seer ons hart wil uitruk.

Jy vra of dit my nie moeg maak om voortdurend met mense se hartseer en probleme gekonfronteer te word nie. Dit maak my wel hartseer, want ek wens so ek kan dit van hulle wegneem. Maar nee, dit maak my nie moeg nie. Inteendeel, daar is niks so bevredigend as om te kan ervaar hoe ons Vader in die hemel mense vashou en koester, terwyl hulle met hulle hartseer en probleme – en met Gód – stoei nie.

Ek glo dat geen mens kies om moeilik of kwaad/i te wees nie. Dis maar die maskers waaragter ons ons seer en ons verlange wegsteek. Ek probeer my dissiplineer om nie mense se woorde te hoor nie en nie hulle gedrag te beoordeel nie, maar te probeer hoor en sien wat ágter daardie woorde en gedrag skuil.

**Jy is hierdie jaar al vir 36 jaar dominee in ons gemeente. Hoe het die kerk verander oor die jare?**

Hierdie is 'n moeilike vraag, want daar is dinge wat my laat wonder of ons nie slegter daaraan toe is as ses en dertig jaar gelede nie. Ek verlang na die dae toe die kerkgebou so vol was dat selfs die voorportaal en die gange vol mense gesit het. Ek verlang na die dae toe ons 'n stelsel gehad het waar elke lidmaat ten minste een maal deur 'n kerkraadslid of sorgwerker besoek is.

Ek besef egter ook dat dit nie noodwendig beter was as wat ons vandag het nie. Die verandering in politieke bestel in 1994 het 'n groot invloed op ons kerk-wees gehad. Skielik was winkels en die flieks op Sondae oop – en elkeen moes self besluit hoe ons die Sondag gaan deurbring. Die land se wette het nie meer vir ons besluit wat ons op die Sondag mag doen en wat nie. Skielik was dit nie meer nodig om 'n getuigskrif van 'n dominee te kry as ek vir 'n werk aansoek doen nie, en was dit ook nie meer nodig om "aan die kerk mee te doen" nie. Ek het vanaf 1988 (toe ek my eerste rekenaar gekry het) tot tot 1994 drie maal meer getuigskrifte geskryf as wat ek sedert 1995 tot nou toe geskryf het. Op die oog af lyk dit na 'n agteruitgang van die kerk, maar ek meen dit is 'n baie positiewe skuif. Dit is besig om ons baie meer weerbaar te maak, want elkeen moet nou self besluit of en hoe ek die Here gaan dien, en ek kan sien dat dit by baie mense 'n groot erns is.

**Waarna sien jy uit oor die volgende 5 jaar?**

Ek is kinderlik opgewonde en diep diep dankbaar dat die Kerkraad en die gemeente dit vir my moontlik maak om vir ten minste nog twee jaar in die gemeente te mag werk. Ek kan met 'n eerlike gemoed sê dat ek my werk nog nooit so geniet het soos die afgelope paar jaar nie. Ek sien daarna uit om 'n stukkie pad saam met mense te mag stap en my deel te doen om hulle die Lam van God te laat raaksien. Ek het onlangs 'n kursus gedoen oor hoe om die potensiaal van ouer-word te ontsluit, en sal dit baie graag 'n paar keer wil aanbied.

Ek gaan elke jaar ál my verlof neem en wil graag nóg 'n Camino in Europa gaan stap, sal graag die Pieter-pad in Nederland wil stap, en ook 'n hele paar wandelpaaie in ons eie land. Ek en Jeanette wil nog 'n hele paar plekke in ons land gaan besoek, en wie weet, dalk kan ons ons droom waar maak om 'n draai in die Serengeti te gaan maak.

Ek wil graag my fotografie-vermoë verbeter en het hierdie droom om die mooi van die natuur op 'n foto vas te vang, en dit dan te verbind met die waarhede van die Bybel.

# Die lesers van die Bybel in Gesprek met die Skrywer daarvan en met mekaar



In 2003 het ek die voorreg gehad om verdere studie in Nuwe Testament te doen onder leiding van prof Jan van der Watt van Universiteit Pretoria en is ek veral gefassineer deur die boodskappe van Hebreërs en Openbaring.

Ek kon dit net nie vir myself hou nie en het gemeentelede uitgenooi om hierdie skatte met hulle te deel. Ons het Woensdagoggend vir een uur bymekaargekom. Die eerste paar weke was dit ek en drie ander mense. Mettertyd het meer mense by ons aangesluit, totdat ons die afgelope tyd ongeveer veertig mense was wat hierdie byeenkomste bygewoon het. Ons het dit 'n Bybelgesprek genoem, omdat ons in gesprek getree het met die Bybel – eintlik me die Skrywer van die Bybel, en ook met mekaar.

Oor die jare het ons 'n hele aantal Bybelboeke gelees: Genesis, Numeri, Josua, Rigters, Rut, Job, Psalms, Prediker, Jesaja, Daniël, Hosea, Amos, Haggai, Maleagi, Markus, Handelinge, Romeine, 1 & 2 Korintiërs, Galasiërs, Efesiërs, Filippense, Hebreërs, Jakobus, 1 en 2 Petrus, 1-3 Johannes, Openbaring. En ook 'n paar temas bespreek: Bybelfigure, Ontmoet die genadige God van die OT, God se wil my lewe, Die Heilige Gees, Jesus, Skakel tussen Brein en Geloof. Hierdie gesprekke was een van die hoogtepunte van my bediening en het almal wat oor die jare deel was hiervan my gehelp om bietjie dieper in die Bybel te delf en regtig God se stem te ontdek.

Die afgelope twee jaar het ek algaande oortuig geraak dat hierdie seisoen besig is om tot 'n einde te kom. Met gemengde gevoelens het ek die laaste van hierdie Bybelgesprekke op 18 Oktober 2023 gelei. Aan die een kant wil ek so graag daarmee voortgaan, want nie net het ons baie geleer nie, maar het daar ook hegte bande tussen mense gevorm. Aan die ander kant het ek tot die oortuiging gekom dat ek graag die tyd wat ek aan voorbereiding spandeer op ander maniere in die gemeente wil aanwend, en sien ek uit na 'n nuwe hoofstuk.

Ons gaan beslis nie ophou om met die Bybel besig te wees nie, en sal ek graag wil help om die mense wat deel was van die Bybelgesprek by Bybelstudiegroepe te laat aansluit, of ook nuwe Bybelstudiegroepe te vorm. Hou daarom asseblief die Familienuus in 2024 dop vir meer inligting hieroor. - *Hennie Fouché*

**Ons gemeentelede skryf ook iets oor hulle belewenis:**

Wat 'n voorreg om aan die Bybelgesprek deel te neem die afgelope paar jaar. Ds. Hennie het soveel moeite gedoen met die voorbereiding en aanbieding van die gesprekke. Ons het altyd 'n getikte raamwerk gekry met die nodige teksverwysings uit die Bybel. Dit het ons in staat gestel om ook selfstudie te doen. Sy leiding uit die Bybel het getuig van sy diepe kennis uit die Woord. Ds. Hennie het 'n gemaklike ontspanne atmosfeer geskep wat ons die vrymoedigheid gegee het om maklik vrae te vra of ons opinie te lug. Dit het weer aanleiding gegee tot 'n ope gesprek tussen ons medegelowiges. Hy het altyd moeite gedoen om ons vrae te beantwoord. Ek glo ons het almal baie deur die proses geleer. Ek het nuwe mense daar ontmoet en goeie vriende gemaak. As 'n alleenloper met kinders wat baie ver weg is, het dit baie vir my beteken. Dit was kosbare besoeke op 'n Woensdag wat 'n groot leegheid gaan veroorsaak. - *Anna-marie Janse van Vuuren*

Dit was vir ons kosbaar en 'n groot voorreg om deel te kon wees van ons Gemeente se Bybelgesprek-groep onder leiding van ds Hennie. Ons kan met groot respek, vrymoedigheid en dankbaarheid sê dat ons altyd gevul is met nuwe kennis, 'n dieper verstaan van Die Bybel en verryk kon huis toe gaan om te gaan nadink en te probeer toepas wat ons geleer het. Ons het geleer en is gemotiveer om Die Bybel met insig te lees, te bestudeer, daaroor na te dink sodat dit tot ons geestelike groei kon bydrae. Ons het ook groot waardering vir die samesyn, deelname en interaksie van die groep. Alle eer en dank aan ons Hemelse Vader vir 'n dinamiese, inspirerende en toegewyde leier. - *Marlene en Rita*





## Ons kuier onder die bome

*Op 19 Februarie het meer as 100 mense wat gedurende 'n weeksdag beskikbaar is die braai in ons gemeentesentrum se pragtige tuin bygewoon.*
*Almal het lekker saamgekuier, nuwe mense ontmoet en heerlik saam geëet. Hou gerus ons afkondigings dop vir die volgende saamkuier geleentheid.*





# Lofprysingslypskool aangebied deur Louis Brittz

Die begeleidingsgroep het die voorreg gehad om op Vrydag en Saterdag, 18 en 19 Augustus 'n lofprysing-slypskool by Suider-Paarl gemeente by te woon, wat aangebied is deur Louis Brittz, bekende lof- en aanbiddingsleier, regisseur en musikant. Hy is tans voltyds in die lofprysingsbediening by die Celebration Church Tri-Cities, in Tenessee in die VSA.

As voorbereiding tot die slypskool is ons gevra om Eksodus 25 – 40 deeglik deur te lees. Dit het ons al laat wonder, want hierdie gedeelte handel in die fynste detail oor die bou van die tabernakel. Waarheen was Louis oppad hiermee? Ek gaan poog om 'n paar van die kernwaarhede en -beginsels wat ons geleer het aan u deur te gee.

Vrydagaand se lofprysing en eerste sessie het gefokus op God se karakter: God het die tabernakel in die fynste detail ontwerp (Eksodus 25 – 40), omdat hy 'n God is van detail, simmetrie, presisie, skoonheid, kreatiwiteit, luuksheid en belangrik, uitnemendheid. Net so is lofprysing en aanbidding 'n multi-sensoriese belewenis wat in die aanbiddingsruimte geskep moet word. Ons kan kreatief wees in lofprysing en aanbidding, want God is kreatief. 'n Mooi, sagte, warm atmosfeer kan geskep word, met rykheid van kleur net soos in die tabernakel, waar ons die Here dien met uitnemendheid. En al is die kerk 'n beweging van vrywilligers, moet ons dit wat ons doen met oorgawe en oortuiging doen – die gemeente moet ingetrek word in 'n verenigde samesyn van aanbidding.

Wat is aanbidding?

- Aanbidding moet werklik word – gee jouself as 'n offer
- Intimiteit – almal moet welkom voel. Hoe toeganklik is ons? Ons werk is die mense.
- God sal ons toerus – gee jy net jou talente, tyd en bou 'n verhouding met Hom.
- Hoekom doen jy dit? – jy moet geestelik honger wees en glo en droom dat God jou kan gebruik.
- Predikant bring die boodskap – die begeleidingsgroep lei die mense in aanbidding om vir die Here te sê wat hulle nodig het / wat hulle vir die Here wil sê.

Die tweede sessie het gefokus op die maniere waarmee begeleidingsgroepe kan bedien. Musiek kan op die volgende maniere aangewend word:

1. 'n Optrede: daar is niks met 'n optrede verkeerd nie, maar wanneer dit vir die Here gedoen word, moet dit ook met uitnemendheid gedoen word. Hoe meer uitnemend die vertoning, hoe meer word God verheerlik. Word so goed as wat jy kan!
2. 'n Bediening: Bediening gaan saam met opregtheid en eerlikheid – al hoe ek mense kan bereik is dalk deur my talente. Gee jouself – maak jouself broos en gebruik jou kuns om ander mense nader te trek.
3. Aanbidding: aanbidding moet met die grootste intimiteit gepaardgaan. Die afwesigheid van vrees, leuens, sonde (bely) of skaamte. Die gemeente moet versigtig gelei en ingetrek word in aanbidding.

Neem jou talent in oënskou en vra vir die Here waarvoor Hy jou geroep het. Jy moet sensitief wees in die oomblik en weet of jy besig is met 'n optrede, 'n bediening of met aanbidding. Ken jy jou mense? Jou gehoor?

Saterdag, 19 Augustus se sessie het 'n uitdagende kwessie aangespreek: Self-twyfel of onsekerheid. Die feit dat ons altyd dink ons is nie goed genoeg om hierdie werk vir die Here te doen nie. Die Here kan dit genees! Ons is gekies vir ons roeping – as jy sê jy is dit nie waardig nie, is daar 'n probleem met jou geloof. Daar is 'n rede hoekom jy betrokke moet wees. Jy moet met selfvertroue en sekerheid kan lei. Moenie bang wees nie – vertel jouself die storie: "Ek is uitgekies, die Here het my uitgekies, voor die Here is ek genoeg." Ek hoef nie die mense tot voor die Here te kry nie, die Here sal dit self doen. Ek moet net van die eerste noot af daar wees.

Almal van ons het vrees – ons moet daardeur. As jy 'n groot seer het, kry hulp. As jy te trots is, lê dit voor die Here neer, dan het jy nie hoogmoed nie. Gee die eer aan die Here as jy 'n fantastiese optrede gehad het. Prakties: OEFEN!!! Hoe meer jy oefen, hoe makliker om te speel, die mense dop te hou om jou gehoor te lees, musikaal te hoor wat jy doen en ook om self te aanbid. Jy kan nie spontaan aanbid en jou werk goed doen as jy nie genoeg geoefen het die. Ons as begeleidingsgroep moet mekaar leer ken en vind – dit verg TYD. Ons standaard moet soos die Tabernakel se standaard wees: detail, presisie, simmetrie, luuksheid, kreatief, uitnemend. Dis die God wat ons dien. Ons kon ná hierdie sessie verdeel na ons onderskeie dissiplines – die sangers het 'n uitstekende stemafrigter gehad, die kitaarspelers het gehang aan die voete van Sven Blumer – 'n meester op sy gebied en 'n wonderlike aanbiddingsleier en die klavier- en sleutelbordspelers kon na 'n ekspert op hulle gebied gaan.

Dit was werklik 'n slypskool wat uitstekend georganiseerd was, ons het heerlik geëet, ander mense ontmoet en ons is musikaal en veral geestelik gevoed om ons roeping beter te verstaan, maar ook om bietjie te netwerk met ander musikante en te hoor dat ons uitdagings nie uniek is nie. Ons kon moed skep, droom en nuwe idees en hoop kry en ons sal die kerkraad ewig dankbaar bly vir die geleentheid.

*- Ertru Hattingh namens die Begeleidingsgroep.*



# Om grense te oorskry

*Jesus antwoord hom: " Jy moet die Here jou God liefhê met jou hele hart en met jou hele siel' en met jou hele verstand. Dit is die grootste en die eerste gebod. En die tweede, wat hiermee gelyk staan, is: 'Jy moet jou naaste liefhê soos jouself.' In hierdie twee gebooie is die hele wet en die profete saamgevat."* **Matteus 22:37 (AFR83)**

Die wet ontbloot so maklik die mure wat ons bou of die grense wat ons skep onder die vaandel van besige skedules, finansies of sekuriteit. Dit is maklik om die koue skouer te draai wanneer iemand bakhand nader stap, iemand wat nie soos ons lyk, praat of optree nie. Maar tog, het ons 'n natuurlike hunkering, of altoos die Heilige Gees se teenwoordigheid, om 'n verskil te maak en met ons Christelike instink ander te wil bystaan, ons moet net die stap neem om uit te reik na ons naaste.

Na omtrent vier dekades se wedersydse kerklike verhouding, wonder mens hoe dit ontstaan het dat twee bedienings, Hottentots Holland-gemeente en die VGK-gemeente, uit verskillende geografiese omgewings, kulturele omstandighede en welstand, steeds saam kers opsteek.

Tydens Ds. Hennie Fouche se studentejare, moes hy vir prakties by 'n gemeente gaan preek. Omdat sy pa jare gelede al 'n visie nastreef om kulturele grense te oorbrug, het Hennie die hunkering in hom ook gekweek om te bedien oor kulturele grense heen. Hy het te hore gekom dat die VGK Macassar gemeente iemand benodig om die Pinkster-reeks te behartig en so het sy liefde al doerietyd vir die gemeente ontstaan.

Op 'n stadium het hy selfs oorweeg om bediening in Malawi te gaan doen, maar die Here het 'n ander plan met sy lewe gehad. Hennie verduidelik dat die sterk band tussen die twee gemeentes het ontstaan tydens destydse kerkeenheidsgesprekke, waar ure se besprekings plaasgevind het, maar dat hy homself eerder wou toespits om kerkeenheid prakties te beoefen deur bediening by die VGK-gemeente. Dit is tydens hierdie besoeke waar hy die passievolle en insiggewende, Dr. Charles Flaendorp ontmoet het.

Charles is gebore in Faure, uit-en-uit 'n seun van Macassar, of soos hy telkemale na homself verwys, "die skollie van Macassar". Hulle was een van die eerste gesinne wat rondom 1972, verskuif was om daar te gaan woon en in daardie tyd was daar so ongeveer 100 huise met geen geriewe. Geen strate of winkels, elektrisiteit, skole of kerke nie. Die kerk het ontstaan deurdat daar eers in sommige van die huise op 'n Sondag byeengekom is en Sondagskool was Sondagmiddae by alternatiewe huise gehou. Charles was ook een van die eerste Sondagskool kinders. Omdat hy self in Macassar groot geword het, ken hy die uitdagings wat sy gemeentelede elke dag deurgaan. Dus, kan hy vereenselwig en so 'n sterk en verenigde gemeente bou.

Na 'n onderwysloopbaan van 15 jaar, het hy homself as leraar bekwaam en is beroep na die Kombinasie Gemeentes Zuurbraak/ Heidelberg. In 2007, het hy 'n betrekking aanvaar by die Departement van Korrektiewe Dienste as Voorsitter van die Paroolraad, 'n betrekking wat hy tans nog beklee. 'n Jaar later het die bediening weer op sy hart gedruk en sonder vergoeding, het hy 'n tentmaker leraarspos by VGK Macassar aanvaar om op so manier terug te gee aan die gemeenskap.

Ds. Hennie vertel dat die eerste nagmaal wat VGK- en HH-gemeente saam gehou het, was in September, 2007. Vir hom was SomChem 'n natuurlike raakpunt tussen die twee gemeentes, omdat Macassar daaraan grens en heelwat gemeentelede destyds daar gewerk het en reeds mekaar ken. Dus, was die skakeling spontaan en organies. Hennie het vir Charles 'n wonderlike vriend geword. Soos ons almal vir Hennie ken, was Charles se eerste indrukke van hom ook dié van 'n baie nederige, opregte mens met 'n hart vir sy medemens en veral vir die mense van Macassar. Verskeie oor en weer kuiers het plaasgevind hetsy deur middel van eredienste, funksies of selfs die uitruil van fasiliteite. Hulle visie was om die gemeentelede en Kerkrade aan mekaar bloot te stel.

'n Terugblik op die afgelope dekades se skakeling met mekaar, is blootstelling en verryking steeds die grootste aanwins. Blootstelling aan die ryk kulture, geliefde tradisies en gebruike van beide gemeentes, maar ook mekaar se kerklike erfenis.

Alhoewel ons dieselfde God dien, verskil die wyse waarop ons Sondae dit doen van mekaar. Behalwe dat HH-gemeente aan VGK 'n finansiële bydrae gelewer het vir die bou van hulle Kerksaal, versorg Hennie hulle gemeente ook geestelik met sy bediening van die Woord, waaraan hulle ontsettend baie waarde heg. Sommiges sê dat jy nie vir Hennie sal herken in die VGK-gemeente nie omdat hy so ontspanne en informeel is tydens hulle dienste – vir hom leen die atmosfeer dit blootweg toe tot 'n ander bediening. Dit bly wonderlik dat gedagtes uitgeruil kan word oor musiekbegeleiding of dat HH-gemeente koorbegeleiers van VGK by werkswinkels kan verwelkom. Die nadenkende groei wat ons beleef wanneer Charles 'n erediens







*Samesyn by die by VGK Macassar Musiekmiddag op 22 Oktober 2023, waar twee gemeentes hul liefde vir musiek deel.*



behartig, word opreg waardeer en vir hom bly dit die wonderlikste ervaring.

*Dog kan ek nie anders as om te wonder hoekom ons getalle afneem en hulle bou kerksale omdat hulle uit hul nate bars. Vir die VGK-gemeente is Sondae 'n dag wanneer die gemeenskap bymekaar kom in die Here se huis. Ons deel in mekaar se vreugde, hartseer en oorwinnings; dra mekaar deur moeilike tye en bid saam – doen die woord "gemeente" gestand.*

Dus, is dit ook opvallend dat bruinmense, tradisioneel goeie kerkgangers is. Met die VGK wat egter die grootste getal lidmate het in die Macassar-omgewing, is daar ongeveer twintig kerke waarvan die meeste doelmatige geboue het. Macassar is 'n redelike groot gemeenskap wat Firgrove en al die nuwe omliggende ontwikkelings insluit.

Dit is verder nie ongewoon dat lidmate van ander kerke op 'n Sondagoggend die VGK-eredienste bywoon nie. Die prediking is baie sterk gereformeerd en bemagtigend en volgens Charles, hou mense van struktuur tydens 'n erediens. Hulle beweeg weg van oppervlakkig neutrale en teatrale byeenkomste en fokus eerder op 'n gebalanseerde erediens wat al die hedendaagse uitdagings en elemente vervat.

Die verhouding tussen die twee gemeentes bly groei omdat daar altyd wedersydse respek is. Hennie en Charles poog daagliks om mense aan mekaar bloot te stel deur kuier-geleenthede te skep maar ook om saam te worstel en saam te bid op gemeente-vlak. Volgens Charles sal Sinodes en Ringe dit moeilik vind omdat hulle versoening as 'n uitdaging sien en sukkel om mense bymekaar uit te bring. In die afgelope 16 jaar van sy bediening, was daar net een enkele poging om twee Ringe bymekaar uit te bring en Sinodes val vas tussen dogmas, strukture, kerkordelike bepalings en taakspanne en versaak die eenheidsproses tussen mense. Hulle sukkel om die samelewing te help normaliseer. Daarom voel Charles dat ons hierdie tipe inisiatiewe op plaaslike gemeente-vlak moet aanmoedig.

*Op die rand van aftrede, is mens nuuskierig om te weet watter drome koester die twee leraars steeds.*

Met die Here se genade, sal Dr. Charles nog 'n paar jaar aanbly in die gemeente om stabiliteit te behou. Daar is tans 'n paar projekte wat hy wil deursien, so hoe langer hy aanbly, hoe vinniger sal die VGK-gemeente se finansiële posisie stabiliseer.

Buiten die onbaatsugtige ondersteuning, is die emosionele en geestelike groei tydens ons skakeling voorwaar verblydend. Charles en Hennie sal altyd poog dat die gemeentes meer betrokke raak by gesamentlike projekte om die gemeenskap te versterk en verbeter, met die hoop dat kulturele grense ook verder afgebreek kan word. Ds. Hennie wou Maart 2024 aftree, maar het ingestem om nog twee jaar aan te bly, waarin hy graag gesamentlike vergaderings wil hou om te hoor wat beide kerkrade beplan en dan iets saam aanpak.

Eenheid beteken nie noodwendig om een gemeente te word nie, maar ons moet 'n oor kan leen vir mekaar. Individueel het elke gemeente sy sterkpunte en dan ook uitdagings, ons dien verskillende areas en kulture maar saam kan ons by mekaar leer, mekaar ondersteun en adviseur uit wedersydse ervarings wat 'n verrykende nalatenskap los, verder as die grense van die kerk.

*- Danie van der Merwe*




Philip Marais is pas weer herkies op die bestuur van MHELP - om die finansies te bestuur. Die lede van MHELP kan nie uitgepraat raak oor Philip en Dorothy se liefde en opoffering vir hulle nie.



*Sammy Louw besig om die Jaarverslag voor te lê.*

# MHELP help op talle maniere

MHELP is die akroniem vir "Macassar Help Empower Local People". Hierdie organisasie het in die negentigerjare ontstaan as 'n bediening van die Calvyns Protestantse Kerk. Sedertdien het dit 'n nie winsgewende maatskappy geword en is 'n afsonderlike bediening vir die kinders begin, wat vandag bekendstaan as die Macassar Jesusbende. MHELP se doel is om ouer mense wat "onder die broodlyn leef" van kos te voorsien.

MHELP funksioneer op 'n baie gedissiplineerde wyse en met integriteit. Oor die jare het hierdie organisasie nie net kos verskaf en is daar nie net talle geestelike boodskappe gelewer nie, maar het die mense wat hulp ontvang ook met ander en met nuwe waardes begin leef - en sodoende hulle self-waarde leer ken. Die kos wat voorsien word, is afkomstig van winkels in die Helderbergkom. 'n Paar dae voor die vervaldatum van die spesifieke kos word Sammy (en ook ander goedgekeurde organisasies) in kennis gestel dat hulle dit gratis kan kom haal. Gratis is egter deesdae nie regtig meer gratis nie, aangesien brandstof so duur geraak het. Dit is tóé dat die ontvangers onderneem om elke maand 'n ietsie van hulle SASSA-geld te gee as 'n bydrae tot die brandstof. Toe die somme aan die einde van die jaar gemaak is, het die loopkoste van die bakkie R59093 beloop, terwyl die bedrag wat met elkeen se bydraes ingesamel is R58150 beloop het. Ek kon maar net in verwondering my kop knik toe een van die persone daarop regeer met "God is groot!"

Nie net het hierdie bydraes MHELP in staat gestel om die jaar met 'n klein wins af te sluit nie, maar voel hierdie groep mense trots-dankbaar dat, deur saam te staan, hulle eintlik vir hulleself sorg.

## Saam-saam op 'n Woensdag

Die pandemie voel reeds soos 'n gebeurtenis wat tussen die onthou-jy banke en 'n geskiedenisboeke lê. Tog, beleef ons steeds die blywende impak op ons menswees. Ons het dit toe beleef, en ons het beleef dit nou ook: Die belangrikheid om 'n plek van heenkom te hê. Woensdae om 19:00 kom 'n groep van ons bymekaar, almal tussen 20's en 30's, om saam ons verhouding met Jesus te verdiep. Dis ons mid-week petrolstasie – spotgoedkoop teenoor Shell en BP met heerlike boeretroos en tee. Ons noem onsself die Kaalvoetvolgelinge van Jesus. En almal wat deel is van die groep is gebore in die kontrei of elders. Die aande word verweef met reekse, kortvideo's en selfs pizza met wyn. Vanjaar, voor Paasnaweek, het ons klomp nagmaal bedien onder mekaar in die kerk. Dit was diep, besonders, broodnodig. Die groep is onvervangbaar. Ons vier mekaar se troues, verlowings, opwindende reise, nuwe huis of selfs net 'n goeie dag. En ons is daar vir mekaar, so in die wees van 'n Woensdag. Want dis in tye soos hierdie wat jy weet Jesus het ons vir mekaar gegee.

**Wat sê Ewald?** Eendag het 'n student vir die wêreldbekende antropoloog, Margaret Mead, gevra wat die vroegste teken van 'n beskawing in 'n gegewe kultuur was. Die student het verwag dat die antwoord iets sou wees soos 'n kleipot of 'n vishoek of meulsteen. Mead se antwoord het verras: "'n Geneesde dybeen." Mead het verduidelik dat geen geneesde bene gevind is waar die wet van die oerwoud, oorlewing van die sterkste gegeld en geheers het nie. 'n Geneesde dybeen wys dat iemand omgegee het. Iemand moes daardie beseerde persoon se jagtery en versameling gedoen totdat die been genees het. Die bewys van ware omgee is die eerste teken van 'n beskaafde samelewing! Jesus se ganse lewe is daardeur gekenmerk, daarom moet dit ook Sy volgelinge se leefstyl kenmerk. Hoe sal mense weet ons is Jesusvolgelinge? Deur ons omgee en liefde sal ons geken word... Die Christelike geloof gaan oor gee en omgee. Daarom het ons omgeegroepe nodig... ons kan op eie oorleef nie.

**Ja, jy is ook genooi!** As jy in jou 20's-30's is en 'n behoefte het om jou siel se tenk vol te maak. Kom Woensdae om 19:00 in die familiekamer.

*– Liani Jansen van Rensburg*

